Tema: Paasfees

KORT VISUELE BOODSKAPPIES VIR DIE LYDENSTYD

1. ALMAL HET GESONDIG

(Romeine 3: 22b-23).

Hulpmiddel: Kinders van verskillende lengtes.

Aanbieding: Ek het julle hulp nodig. Ek soek die langste seun/dogter, dan die kortste en so twee tot drie met tussen-in lengtes.

Sommige mense dink dat, net soos hierdie kinders se lengtes verskil, ‘n mens ook verskillende soorte sondaars kry – groot sondaars en kleiner sondaars. As die plafon van hierdie vertrek die hemel voorstel, dink sommige mense dat party mense (wys na langste) nader aan die hemel is as ander (wys na kortste).

Maar dis nie soos God na die mens kyk nie. Daar is nie groot of klein sondaars nie. Almal is groot sondaars en almal verdien die dood (hel). Almal het dus God se genade en liefde eweveel nodig. (Lees Rom 3:22-23).

2. GOD HET DIE WêRELD LIEF

(Johannes 3:16)

Hulpmiddel: ‘n Bietjie stof sand en ‘n wêreldkaart of aardbol.

Aanbieding: Wat weet julle van die wêreld waarop jul leef?
Weet julle dat die omtrek van die aarde 40,000 km is?
Die oppervlakte van die aarde beslaan meer as 5 biljoen vierkant kilometer.
Hoe swaar dink julle is die aarde? 6 biljoen biljoen ton.
God sê van die aarde (Jesaja 40: 15) dat die eilande soos stofdeeltjies is en al die nasies soos ‘n druppel in ‘n emmer.
Dis duidelik dat God heel anders na die wêreld kyk as ons!

In vergelyking met al die ander planete in ons sonnestelsel is die aarde maar klein en tog het God sy Seun juis na dié aarde gestuur. Hoekom dink jy het God dit gedoen? Johannes 3: 16 – God het óns liefgehad. Ongelooflik! Waar wil Hy hê moet ons eendag wees? By Hom in die hemel. Om te dink God wil hê dat die mens, wat maar ’n stoffie is, by Hom in die hemel moet kom bly! Wat moet ons doen om daar te kom? Glo in Jesus se kruisdood.

3. WAT IS DOOD? (1Johannes 5: 12).

Hulpmiddel: ‘n Bos blomme of net een geplukte blom.

Aanbieding: Wat dink jy is die dood? Miskien dink party dat dit die einde van alles beteken. In ‘n sekere sin is dit reg, maar dood beteken eintlik “verwydering”. Hierdie blom is pragtig. Lewe dit of is dit dood? Dit lyk so pragtig, maar eintlik is die blom dood, want dit is afgesny van die plant wat hom lewe gee. Binne ‘n dag of twee gaan al sy skoonheid weg wees. Die blom sal dan fisies dood wees.
Maar weet julle, daar is ‘n dood wat erger is as fisiese dood. ‘n Mens noem dit geestelike dood. Dit is wanneer ek en jy afgesny is van God wat vir ons lewe gee. (Soos die blom van die plant). Op die oog af lyk ons mooi (soos die blom), maar ons kort Iemand wat vir ons lewe kan gee en aan die lewe kan hou.
Daardie iemand is Jesus Christus. Omdat ons sonde ons geestelik doodmaak, het ons ‘n Verlosser nodig wat sonder sonde is. Daardie verlosser is Jesus Christus. As ons in Hom glo as ons Verlosser, het ons lewe – Ewige Lewe. Dan hou die dood vir ons geen vrees in nie.
(Lees Johannes 5:12)
Leef jy of is jy dood?

4. ATIESJOE! ATIESJOE!

(Handelinge 16: 31)

Hulpmiddel: ‘n Gewone verkoue.

Aanbieding: Ek word nou die nag wakker met ‘n keelseer, ‘n toe neus en ‘n vreeslike hoofpyn. Die volgende oggend was ek nog sieker. Ek is dadelik dokter toe. Hy het vir my goeie medisyne gegee. Ek is toe maar werk toe, maar niemand wil naby my kom nie, want niemand wil aansteek nie.

Net soos hierdie verkoue my op die oomblik weghou van my vriende en van my sport en ek nie kan uitgaan nie, net so hou sonde my weg van God. God is lief vir ons al doen ons so baie verkeerde dinge, maar ons sonde maak dat ons nie ‘n verhouding met Jesus kan hê nie, behalwe as ons iets doen met ons sonde.

Net soos my verkoue, is sonde ook aansteeklik. My medisyne is besig om my gesond te maak en binnekort sal ek weer piekfyn wees. Medisyne beteken niks vir ‘n verkoue as jy dit nie gebruik nie. God se voorskrifte vir verlossing moet geglo en aanvaar word.
Doen dit vandag nog – bely jou sonde.

5. TRANE MAAK SKOON

(1 Johannes 1: 7)

Hulpmiddel: Jou oë.

Aanbieding: Wie stort of bad gereeld? Wie het agter hulle ore gewas? Daar is een plek aan ons liggaam waar ons nooit was nie. Dit word nie deur vel of klere bedek nie, en tog maak ons dit nooit skoon nie. Dit is ons oë. Trane hou ons oë skoon, ongeag hoe vuil ons word.
Die mens se lewe is vuil as gevolg van sonde. Maak nie saak wat die mens doen nie, hy self kan nie sy lewe skoon kry nie. Net Jesus kan die mens se vuil lewe skoonwas.
(Johannes 1: 7). Net soos trane die mens se oë voortdurend skoon hou sonder dat ons eens daarvan bewus is, so reinig die bloed van Jesus die mens aanhoudend.

6. DIE WAARBORG

(Efesiërs 1: 14)

Hulpmiddel: Geld, kind wat ‘n beursie verkoop.

Aanbieding: Johan, ek sien jy het so ‘n mooi beursie by jou. Wil jy dit nie verkoop nie? Jy wil! Hoeveel kos dit? R10.00. Ek het net R5.00 by my, maar sal dit vir jou gee as ‘n waarborg. Ek sal die ander R5.00 volgende week bring.

Seuns en dogters, hierdie R5 wat ek so pas vir Johan gegee het, dien as waarborg dat ek en Johan ‘n ooreenkoms aangegaan het met mekaar. Nie een van ons kan nou hierdie koop terugtrek nie.

Weet julle dat God vir sy kinders ook ‘n waarborg gee dat Hy hulle gered het? Dié waarborg is nie geld nie, maar die Heilige Gees. Die Heilige Gees wat in elke gelowige woon, is die waarborg dat God ons eendag by Hom in die hemel sal laat woon.

Net soos ek volgende week sal terugkom om my beursie te eis, net so sal God eendag kom om Sy kinders te kom haal. Die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is, is vir ons die waarborg dat God weer sal kom.